Kontak Ons

KERKKANTOOR BESONDERHEDE:

Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak,
Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Offergawes en spesiale bydraes kan ook d.m.v. **SNAPSCAN** gegee word. As u 'n slimfoon het, is dit baie maklik. Laai net die **SNAPSCAN App** af en volg die instruksies.

SnapScan

blitSIG

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 25 FEBRUARIE 2018	VOLGENDE WEEK 04 Maart 2018
		Teks: Romeine 4:13-25	**Teks: Johannes 2: 13-22**
09:00	**Klassieke Diens** (Kerk)	Ds. Rian Verster Nagmaal	Dr. Tinus van Zyl Doop
09:00	**Familiediens** (Sentrum) **Jeuggroepe Voorskool tot Gr. 5**	Dr. Tinus van Zyl Nagmaal	Ds. André Agenbag Doop
18:00	**Aanddiens** (Kerk) **Jeuggroepe Gr. 6 – 11**	Ds. André Agenbag Nagmaal	Ds. Jana Dickason

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:

- Elize Schouten
- Erma Burger
- Hennie Fick
- Corrie Schulz

Ons innige simpatie met die afsterwe van:

- Janet Muller
- Pops Marais

BAIE WELKOM BY DURBANVILLE GEMEENTE!

Ons verwelkom graag alle nuwe lidmate en besoekers vanoggend!
Ons hoop dat jy gou tuis sal voel in ons gemeente. Indien jy enige inligting verlang of vrae het oor die gemeente, is jy welkom om ons **"Inligtingstoonbank"** by die gemeentesentrum te besoek.

DURBANVILLE BERGSIG

Met groot opgewondenheid wil ons julle meedeel dat ons Coram Deo Narratieweberadingskursus by Durbanville-Bergsig se klasse hervat gaan word vanaf 27 Februarie 2018.Eerste- en tweedejaar studente gaan almal op 'n Dinsdagaand klas hê. Die klastye is Dinsdagaande vanaf 18:30 – 21:30 by Bergsig Kerk. Die kostes vir 2018 se studies is R8450. 00 per student en kan oor 10 maande betaal word.
Vir enige inligting en inskrywingsvorm kontak vir Liezl Loubser by 021 976 4106 x106

OMGEEDIENS

Deel getuienis van gebedsverhoring.
Die Fisantekraal tienerseun sokkerspan hou Vrydagaand (16/2/2018) met hul lewensoriënteringsessie 'n biduur. Hulle bid spesifiek vir die behoefte aan sokkerballe. Een seun noem dat hulle vir Jesus volkome moet vertrou en glo dat Hy sal voorsien. Maandagoggend stap twee jongmense, Nicolai en Karlien Raubenheimer met vyf nuwe sokkerballe (top kwaliteit) by ons Kantoor in. John Sochop (afrigter) deel híérdie boodskap in verwondering toe hy die balle afhaal. "Baie dankie dat julle ons hiermee seën". Waardering ook teenoor John wat as vrywilliger, positief bou in 40 tiener seuns (en hul gesinne) se lewens.

Deel hartseer
Een van Fisantekraal crèches, **Drie Beertjies beleef tans trauma**, met een van hul juffrouens (en familie) wat in 'n motorongeluk gesterf het. Haar vriend en pa van hul seun (4jr) het nie saamgegaan nie. Die pa het 'n tydelike werk (bouwerk) vanaf 19/2/18.

Al nege persone is oorlede, almal van Fisantekraal: sy, haar ouers, ooms en tannies was oppad na Prieska (ook vir 'n begrafnis) toe die ongeluk gebeur het. Die Omgeediens werk saam met Badisa om nodige dienste te lewer en ondersteuning te bied. Kinders is wees gelaat: o.a. 13 en 14 jarige dogters. Begrafnisse vind binnekort in Fisantekraal plaas.

Spesifieke behoeftes tans:

1. 'n sielkundige wat gratis terapiesessies vir die kinders kan bied.
2. nie bederfbare voedsel en toiletware ens
3. borge vir crèche tov seun 4 jarige seun, R350p/m en klere.
4. vervoerkoste van begrafnisgangers vanaf Fisantekraal na Kraaifontein begraafplaas en terug.
5. 'n Wendy huis (brandbestand)

Skakel asb direk vir Esther by die Kerkkantoor.

God se wil vir my lewe

Wat is God se wil vir my lewe?

Onderskei tussen waarheid en valsheid

Ons hoor elke dag soveel verskillende stemme.
Daar is so baie opinies, standpunte en agendas
wat ons in teenoorgestelde rigtings druk en trek.

Hoe onderskei ons die fluisterstem van die Gees in hierdie geraas?

Henri Nouwen help ons hiermee in sy boek:
Discernment: Reading the signs of daily life.

Kom luister, gesels en onderskei saam.

28 Februarie
11:00 of 18:30
De Oude Caab gastehuis

Bywoning is gratis.
Bespreek jou plek by die kerkkantoor: 021 975 6370

EREDIENSTYE:

18 Maart 2018 is daar slegs **'n Klassieke Diens** in die Kerkgebou.
Geen Familiediens of Jeuggroepe (Voorskool tot Gr.5 nie.) Daar is steeds 'n Alive aandiens en Jeuggroepe (Gr.6 tot 12)

25 Maart 2018 het ons nie meer 'n Gesamentlike Erediens nie, maar wel 'n **Klassieke Diens**, **Familiediens en Jeuggroep afsluiting (Voorskool – Gr. 5**)
Daar is nie 'n Alive Aanddiens agv. die Kruisstap wat 17:30 plaasvind

Sondag, 4 Maart, 10:15 in die Gemeentesentrum

Waarvandaan kom ons en waarheen is ons op pad?

Hoe lyk ons bedieningsplan?

Hoe raak dit ons personeel, finansies en geboue?

WÊRELD BIDDAG VIR VROUE BY DURBANVILLE BERGSIG GEMEENTE

Datum: 2 Maart om **10:00** vm
Tema: Hoe wonderbaar is U Skepping
Spreker: ds. **Mizelle Prinsloo**

VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE:

Hartlik geluk aan die volgende persone wat tydens 'n kerkraadsvergadering, gehou op 13 Februarie 2018, verkies is tot die kerkraad van Durbanville Gemeente as Geestelike Leiers (ouderlinge).

Andrew Kok
Atel Streicher
Attie Theron
Grant Blewett
Marianne du Toit
Jac Kriek
Martin Ehlers

Hul name word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir goedkeuring. Bid asseblief vir hulle in die besluit wat hulle moet neem.

WORD STIL SAAM MET GOD EN KOM WEES KREATIEF:

Stel jy belang om jou stilword oomblikke saam met God op 'n kreatiewe manier te ontdek? Kom sluit by ons aan vir 'n oggend van Bible journaling op 3 Maart vanaf 9-12vm. Koste: R300. Alle material word verskaf. Bring net jou Bybel saam. Verversings sal bedien word. Kontak vir Carollize by 082 453 5716 of carollize.laing@fnb.co.za

Moenie die **#Imagine 2018** experience mis nie.
Dit vind 6-8 April plaas
Almal is welkom. Dis die perfekte geleentheid vir ouers en tieners om saam te kamp.

Ek nooi ook die gemeente uit om betrokke te raak. Imagine benodig elke jaar jonk en oud hande om hulle by te staan gedurende die naweek.

As jy meer wil weet kontak Ds. Jana Dickason

OFFERGAWES

Vandag se **Spesiale offergawes** gaan aan **FCD Fisantekraal Centre for Development (FCD)** is 'n **nie-winsgewende organisasie** wat daarop fokus om deur 'n **holistiese benadering**, werklose mense se selfbeeld en vaardighede te ontwikkel op emosionele, ekonomiese, geestelike en sosiale vlak. Elke persoon word toegerus **om 'n betekenisvolle lewe te lei,** d.m.v kursusse.
FCD se behoeftes tans asb: stoorplek vir kantoortoerusting, 'n klein kantoor en kleedkamer benodig opknapping, verfwerk en 'n skrynwerker ens. 'n Fondswerwer, Grafiese ontwerp dienste**,** 'n Vrywilliger wat video opnames en redigering met sekere funksies kan behartig en Engelse geletterdheidsopleiding

Kontak asb vir Jane by FCD tel: 021 975 7764 ivm behoeftes en kursusse.